UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

# MIV/VIGS-Beleid vir Studente en Personeel

| | |
|---|---|
| **Tipe dokument:** | Beleid |
| **Doel van die beleid:** | Die doel van die beleid is om die US te lei en te rig om die koers van MIV-oordrag en die impak van MIV/vigs op die US se studente en personeel te verlaag. |
| **Goedgekeur deur:** | US Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 2011 |
| **Implementeringsdatum:** | 2011 |
| **Datum van volgende Hersiening:** | Soos nodig |
| **Datum(s) van vorige Hersienings:** | Geen |
| **Beleideienaar[1]:** | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel |
| **Beleidkurator[2]:** | Hoofdirekteur: Strategiese Inisiatiewe en Menslike Hulpbronne |
| **Sleutelwoorde:** | MIV, Vigs |
| **Geldende Weergawe:** | Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar. |

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

1 Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.
2 Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

# MIV/VIGS-BELEID VIR STUDENTE EN PERSONEEL
# 2011

## 1. Lys van die definisies van afkortings, akronieme en belangrike konsepte (sien bylaag 1)

## 2. Voorrede

### 2.1 Institusionele begrip van die MIV/vigs-pandemie

Die pandemie veroorsaak deur die menslike immuniteitsgebreksvirus (MIV) en verworwe immuniteitsgebreksindroom (vigs) het sodanig gegroei dat dit die grootse openbare gesondheidskrisis is wat die wêreld sedert die 13e eeu in die gesig staar. Die plaag van MIV/vigs is nie meer bloot ’n gesondheidskwessie of ’n wetenskaplike probleem nie, maar ’n multidimensionele krisis vir die mensdom, met maatskaplike, ekonomiese, kulturele en sielkundige dimensies. Die impak van die MIV/vigs-pandemie is so beduidend dat dit respons van alle sektore van die Suid-Afrikaanse samelewing noodsaak (HEAIDS, 2009).[1]

As een van die instellings wat oorgehaal is om ’n wesenlike rol te speel ten opsigte van die ontwikkeling van leiers wat die land se ekonomie en gemeenskappe asook nasionale en internasionale beheerliggame sal vorm, het die Universiteit Stellenbosch (US) baie om tot huidige MIV/vigs-strategieë vir voorkoming van oordrag, sorg en ondersteuning by te dra. Met ’n studentepopulasie wat verteenwoordigend is van die MIV/vigs-hoërisiko-ouderdomskategorie, het die US die ideale geleentheid om ’n verskeidenheid steun- en opvoedingshulpbronne te benut ten einde gesondheidsbevorderende gedrag aan te moedig. Hierbenewens kan die US verseker dat wanneer studente gradueer, hulle die noodsaaklike vaardighede het wat hulle in staat sal stel om ’n positiewe bydrae tot Suid-Afrika se MIV/vigs-respons in hul families, gemeenskap en werkplek te maak. Deur studente en personeel van die US te bemagtig, sal ons help om ’n impak te verseker wat veel verder as die grense van die US of die Wes-Kaap strek.

---

[1] HEAIDS. (2009). *Policy framework on HIV and Aids for higher education in South Africa.* Pretoria: Hoër Onderwys Suid-Afrika.

Die US is as instelling onskeibaar van die dorp en streek waarin dit geleë is. Deur studente en personeel in staat te stel om persoonlike risiko's te hanteer en 'n leierskapsrol in te neem, sal die US se optrede ook 'n impak op die omliggende gemeenskappe hê en 'n voorbeeld stel van die gepaste respons vir plaaslike korporatiewe vennote en invloedryke leiers.

**2.2 Visie- en missiestelling**

Met sy visie van 'n instelling van uitnemendheid wat na buite georiënteer is, beskou die US MIV/vigs-opvoeding, -navorsing en -gemeenskapsinteraksie as sowel 'n leierskaps- as 'n welweeskwessie. Gevolglik het die US die volgende visie aanvaar as 'n omvattende institusionele respons op MIV/vigs.

Die US stel 'n instelling wat vry is van nuwe MIV-infeksies teen 2012 in die vooruitsig. Deur samewerking sal die US-bestuur, institusionele eenhede, personeel en studente die vereiste vlak van leierskap, gesondheidsbevorderende gedrag en onderrig bied om doeltreffend op die uitdagings wat MIV/vigs in Suid-Afrika en die res van die Afrika-vasteland oplewer, te reageer.

Sodanige visie vereis die volgende:

- Die vooropstelling van voorkoming as 'n sleutelstrategie
- Samewerking tussen verskeie dissiplines
- Die toegewyde deelname van sowel studente as personeel
- Die posisionering van die US as 'n leier op die gebied van MIV/vigs in die strewe om 'n tasbare impak op MIV/vigs-verwante uitdagings oor Afrika heen te maak

**2.3 Wetsraamwerk**

Die US gee erkenning daaraan dat die toepassing van hierdie beleid in die raamwerk van die bestaande Suid-Afrikaanse MIV/vigs-verwante wetgewing moet geskied.

Sodanige wetgewing sluit die volgende wette en kode in, maar is nie daartoe beperk nie:

- Die Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996
- Die Wet op Billike Indiensneming, Wet 55 van 1998
- Die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1996
- Die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, Wet 85 van 1993
- Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, Wet 130 van 1993

- Die Kode van Goeie Praktyk, 1 Desember 2000, wat met kernaspekte van die benadering tot die hantering van MIV/vigs verband hou

Internasionale instrumente wat relevant is vir die toepassing van die US se MIV/vigs-beleid sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:

- Die Universele Verklaring van Menseregte
- Die Handves van Menseregte
- Die Afrika-handves van Mense- en Volkeregte

Nasionale beleidsontwikkelings wat relevant is vir die toepassing van hierdie beleid sluit die volgende in, maar is nie daartoe beperk nie:

- Die Departement van Onderwys se Nasionale Beleid oor MIV en vigs
- Die Departement van Arbeid se Gids vir Werkgewers
- Die Departement van Gesondheid se Nasionale Strategiese Plan

**3. Doel van die beleid**

Die doel van die beleid is om die US te lei en te rig om die volgende te doen:

- Die koers van MIV-oordrag en die impak van MIV/vigs op die US se studente en personeel te verlaag
- Die aanvaarding van ’n omvattende leierskapsrespons vir die bestuur van die uitwerking van MIV/vigs op die US se studente en personeel te bevorder
- MIV/vigs-kurrikula-response te evalueer en te integreer
- Menslike en ander hulpbronne te mobiliseer en te beskerm
- Die lang- en korttermynimpakrisiko vir die US te minimaliseer
- MIV/vigs te destigmatiseer

**4. Institusionele beleidsdoelstelling**

Die primêre doelstelling van die beleid is om riglyne neer te lê waarvolgens die US die volgende kan doen:

- Sy leierskapsrol ten opsigte van MIV/vigs vervul
- Die studentekorps met die toepaslike persoonlike en professionele vaardighede bemagtig om die impak van MIV/vigs op hul huidige en toekomstige gemeenskappe te versag

- ’n Positiewe bydrae tot die uitvoer en verspreiding van gehaltenavorsing oor MIV/vigs maak
- Help om menseregte te beskerm en mensegeregtigheid vir almal wat by die US gebaseer is, te verseker deur die formulering en toepassing van MIV/vigs-verwante beleid en praktyke
- Tot holistiese MIV-voorkoming bydra deur die vlakke van stigma wat met MIV/vigs geassosieer word asook die koers van MIV-oordrag te verlaag

**5. Omvang van die beleid**

Die beleid is op die volgende entiteite van toepassing:

- Alle werknemers, met inbegrip van tydelike, permanente en kontrakpersoneel
- Alle voorgraadse en nagraadse studente wat by die US ingeskryf is
- Alle kampusse (almal met ’n studente- of personeelnommer is by die beleid ingesluit)

**6. Aktiwiteitsprogram gemik op die bereiking van institusionele MIV/vigs-beleidsdoelstellings**

Sien bylaag 2 vir die omvattende implementeringsplan.

**7. Institusionele benadering tot die handhawing van ’n MIV/vigs-veilige omgewing**

Die US het ’n verpligting om ’n veilige leer- en werkomgewing te verskaf waarin mense wat met MIV/vigs leef vry is van stigma en diskriminasie. In sodanige omgewing word blootstelling aan MIV geminimaliseer en word voortgesette bewustheids- en voorkomingsaktiwiteite vir studente en personeel georganiseer.

Die US is verbind tot die volgende:

- Die bevordering van gelykheid en niediskriminasie onder almal wat met MIV geïnfekteer is of deur MIV/vigs geraak word
- Die skep van ’n ondersteunende omgewing waarin MIV-geïnfekteerde studente en personeel hul studies en werk in normale omstandighede in die US-omgewing kan voortsit vir so lank as wat hulle medies geskik is om dit te kan doen
- Die beskerming van menseregte en die waardigheid van mense wat met MIV/vigs leef as ’n inherente vereiste vir die voorkoming van oordrag en beheer van MIV

MIV/vigs-verwante potensiële diskriminasie sal deur onder andere die volgende maatstawwe hanteer word:

- Inligtings-, opvoedings- en kommunikasieprogramme wat daarop gemik is om gehoor te gee aan die regte van alle mense ten opsigte van MIV/vigs
- Die verskaffing van duidelike verwysings- en ondersteuningsroetes vir alle studente en personeel wat met MIV geïnfekteer is of deur MIV/vigs geraak word, met verwysing na berading, mediese behandeling en psigososiale ondersteuning
- Griefprosedures en tugmaatreëls gerig op die hantering van MIV/vigs-verwante klagtes (sien die afdeling oor griefprosedures)

### 7.1 Bevordering van ’n veilige omgewing

Die US sal, in soverre dit prakties uitvoerbaar is, ’n omgewing verskaf en onderhou wat veilig is en vry is van risiko en diskriminasie ten opsigte van die gesondheid van die instelling se studente en personeel.

Alle fakulteite en/of departemente moet verseker dat hulle universele voorsorgmaatreëls toepas en voldoen aan die bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, met inbegrip van die Regulasies oor Gevaarhoudende Biologiese Stowwe.

Bogenoemde bepalings sluit die volgende in:

- Die aanbied van toepaslike inligtings-, opvoedings- en kommunikasieprogramme wat beheermaatreëls gemik op die identifisering, hantering en vermindering van die risiko van MIV-oordrag in die akademiese omgewing bevorder
- Die verskaffing van toepaslike toerusting en materiaal om studente en personeel van die risiko van blootstelling aan MIV te beskerm (bv. handskoene)
- Die kommunikasie van ’n duidelike protokol wat ná ongelukkige gevolg moet word, met inbegrip van die versekering van toepaslike toegang tot profilakse ná blootstelling (PNB)
- Die rapportering van alle verwante insidente
- Die toereikende monitering van studente en personeel wat aan MIV blootgestel is

### 7.2 Studentetoelating

Die US is gekant teen MIV-toetsing van voornemende of terugkerende studente as ’n middel om te bepaal of sodanige studente toegelaat of hertoegelaat kan word of geskik gevind word vir enige programme wat deur die Universiteit aangebied word. Die MIV-status van studente sal nie geag word as relevant vir die doeleindes van keuring in bogenoemde verband nie.

Bekende MIV-status sal nie ’n oorweging wees in die toekenning van finansiële steun aan studente nie. Toetsing vir MIV-status sal nie as ’n voorvereiste dien ten opsigte van die toekenning van studentelenings nie.

’n Student wat nie daarin geslaag het om sy/haar vorige akademiese vereistes suksesvol na te kom as direkte gevolg daarvan dat die student MIV-positief is nie, en wat gevolglik akademies van toelating tot die US uitgesluit is, sal dieselfde regte hê as alle ander studente wat weens sodanige gronde uitgesluit is.

’n Student wat nagelaat het om sy/haar akademiese of finansiële vereistes na te kom as ’n direkte gevolg daarvan dat die student MIV-positief is en wat gevolglik finansiële bystand deur die US geweier is, sal dieselfde regte hê as ander studente wat sodanige finansiële bystand geweier is.

Daar word van studente wat met MIV/vigs leef, verwag om klasse by te woon ooreenkomstig die US se reëls en vereistes vir so lank as wat hulle in staat is om dit doeltreffend te doen. Die stadium van MIV/vigs-verwante siekte moet onder mediese advies oorweeg word as ’n student nie in staat is om sy/haar studieverpligtinge na te kom nie.

’n MIV-positiewe status sal nie ’n geldige rede vir die uitsluiting van studente van die US wees nie.

**7.3 Bevordering van ’n niediskriminerende US-werkomgewing**

7.3.1 Daar sal nie onregverdig teen enige persoon wat met MIV/vigs leef gediskrimineer word kragtens die werkverhouding of enige indiensnemingsbeleid of -praktyke nie, spesifiek ten opsigte van

- werwingsprosedures, advertering en keuringskriteria;
- aanstellings en die aanstellingsproses, met inbegrip van plasing in poste;
- posklassifikasie of -gradering;
- vergoeding, werknemersvoordele en bepalings en voorwaarde van indiensneming;

- werknemerbystandsprogramme;
- werkverpligtinge;
- die werkplek en fasiliteite;
- beroepsgesondheid en -veiligheid;
- opleiding en ontwikkeling;
- stelsels van prestasie-evaluering;
- bevordering, oorplasing en verlaging;
- tugmaatreëls buiten afdanking; en
- beëindiging van diens.

#### 7.3.2 Billike tegemoetkoming

Die US kan die spesiale behoeftes van personeel wat met MIV/vigs leef of direk daardeur geraak word op ’n billike wyse op ’n geval-vir-geval-grondslag tegemoetkom, onderhewig aan die algehele vereistes van die instelling.

Billike tegemoetkoming kan insluit fleksiewerktyd en verlof vir berading en mediese afsprake, verlengde siekteverlof, oorplasing na ligter take, deeltydse werk, en reëlings ten opsigte van terugkering na die werk.

### 7.4 MIV-toetsing, vertroulikheid en bekendmaking

#### 7.4.1 MIV-toetsing

Die US sal nie vereis dat enige personeellid, student of aansoeker tot studie ’n MIV-toets ondergaan ten einde daardie individu se MIV-status te bepaal nie.

*Toelaatbare toetsing*

Die US mag in die volgende omstandighede MIV-toetsing aan ’n student of personeellid bied indien die individu dit versoek het:

- As deel van die US se veldtogte vir algemene gesondheidsorgdiensverskaffing of vrywillige berading en toetsing (VBT)
- In geval van ’n insident waarin daar ’n risiko van blootstelling aan bloed of enige ander liggaamsvloeistowwe is

Hierbenewens sal bogenoemde toetsing ooreenkomstig die volgende voorwaardes plaasvind:

- Met die oorwoë toestemming van en voor- en nátoetsberading vir die betrokke student of personeellid
- Ooreenkomstig streng prosedures ten opsigte van die vertroulikheid van die individu se MIV-status (soos beskryf in 7.4.2).

Alle toetsing sal ooreenkomstig die Departement van Gesondheid se Nasionale Beleid oor MIV-toetsing, wat kragtens die Wet op Nasionale Beleid vir Gesondheid, Wet 116 van 1990, uitgereik is, plaasvind.

Anonieme, ongekoppelde waarneming of epidemiologiese MIV-toetsing kan in die US-omgewing plaasvind, mits dit ooreenkomstig die toepaslike etiese en regsbeginsels ten opsigte van sodanige navorsing uitgevoer word. Waar sodanige navorsing onderneem word, mag die inligting wat verkry word nie gebruik word om onregverdig teen die individu of groepe mense te diskrimineer nie. Toetsing sal nie geag anoniem te wees as daar ’n redelike moontlikheid is dat ’n persoon se identiteit en MIV-status uit die resultate afgelei kan word nie.

**7.4.2 Vertroulikheid en bekendmaking**

Indien ’n persoon ’n MIV-toets ondergaan, sal die uitslag van die toets vertroulik tussen die individu en die persoon wat gemagtig is om die toetsuitslag te verskaf, gehou word.

Alle persone wat deur MIV/vigs geraak word, het die wetlike reg tot privaatheid. Geen student of personeellid is dus wetlik verplig om sy/haar MIV-status bekend te maak nie, hetsy aan die US of aan medestudente of kollegas.

Wanneer vertroulikheid verbreek word, moet tugstappe teen ’n persoon wat sodanige vertroulikheid verbreek het, gedoen word.

Indien ’n individu kies om vrywillig sy/haar MIV-status aan die US of ander bekend te maak, mag sodanige inligting nie sonder die persoon se skriftelike toestemming bekend gemaak word nie. Indien skriftelike toestemming nie moontlik is nie, moet stappe gedoen word om te bevestig dat die persoon sy/haar status wil bekend maak.

Openhartigheid, aanvaarding en ondersteuning ten opsigte van individue wat vrywillig hul MIV-status bekend maak, sal bevorder word deur

- studente en personeel wat openlik met MIV of vigs leef aan te moedig om inligtings-, opvoedings- en kommunikasieprogramme aan te bied of daaraan deel te neem;
- die ontwikkeling van 'n omvattende verwysingstelsel vir studente en personeel wat met MIV of vigs leef aan te moedig; en
- te verseker dat daar nie onregverdig teen individue wat openhartig oor hul MIV-status is gediskrimineer word nie.

### 7.5 Verwante sake

### 7.5.1 Hoërisiko-populasies

Die besonder kwesbare posisie van hoërisiko-populasies (HRP's) moet erken word. In die jongste Suid-Afrikaanse Nasionale MIV-opname is die definisie van HRP's uitgebrei om ook die volgende kategorieë mense in te sluit:

- Afrika-vroue tussen die ouderdom 20 en 34 jaar
- Afrika-mans tussen die ouderdom 25 en 49 jaar
- Mans ouer as 50 jaar
- Mans wat seks met mans het (MSM)
- Mense wat hoërisiko-drinkers is
- Mense wat dwelms vir ontspanning gebruik
- Mense met gestremdhede (Suid-Afrikaanse Nasionale MIV-opname, 2008)[2]

Hierbenewens word erkenning daaraan gegee dat vroue in die algemeen meer vatbaar vir MIV-infeksie is weens fisiese, maatskaplike en ekonomiese redes. Die toenemende getal dwelmgebruikers wat inspuit moet ook in ag geneem word in die bespreking van HRP's. Deur die erkenning van hierdie risiko-populasies erken die US ook die rol van diskriminasie, marginalisasie en ongelykheid as die belangrikste bydraende faktore tot die kwesbaarheid van sodanige populasies.

Die US is daarom verbind tot die skepping van 'n omgewing waarin die beginsels van gelykheid en menswaardigheid vooropgestel word, waarin alle vorme van diskriminasie afgekeur word, en waarin proaktiewe aandag gegee word om steundienste te sensitiseer vir die spesifieke behoeftes van kwesbare studente en personeel. Die noodsaaklikheid om billike verhoudings in

[2] Shisana O, Rehle T, Simbayi LC, Zuma K, Jooste S, Pillay van Wyk V, Mbelle N, Van Zyl J, Parker W, Zungu NP, Pezi S & The SABSSM III Implementation Team. (2009). *South African national HIV prevalence, incidence, behaviour and communication survey 2008: A turning tide among teenagers?* Kaapstad: HSRC Press.

’n diverse kampusgemeenskap te handhaaf, word as belangrike vereiste vir die versekering van ’n MIV-veilige kampus beklemtoon.

**7.5.2 Verkragting, seksuele misbruik en geslagsgebaseerde geweld**

Gevalle van verkragting, seksuele misbruik en geslagsgebaseerde geweld (GBG) kan die risiko van MIV-oordrag en MIV/vigs-verwante diskriminasie en vooroordeel verhoog. Alhoewel hierdie sake vooropgestel word in bewustheids- en opvoedingsveldtogte, moedig die US sy studente en personeel aan om ingelig te wees oor die risiko van oordrag in hierdie omstandighede deur die skakel op die US se tuisblad na die blad oor MIV/vigs-bewustheid by www.sun.ac.za/hiv te volg.

Die US het veiligheids- en gesondheidsbeamptes beskikbaar wat toegerus is om berading en nood-PNB-behandeling, ooreenkomstig protokol, te gee aan enige student of personeellid wat verkrag is of wat onderworpe is aan moontlike oordrag van die virus deur ’n besering deur ’n skerp voorwerp. ***Sien bylaag 3 en 4 vir ’n volledige uiteensetting van die protokol wat gevolg word en die beskikbare dienste.***

**7.6 Opvoeding en bewustheid**

Die US sal voortgaan om voorkomingsintervensies voorop te stel as noodsaaklik vir die versagting van die impak van die pandemie deur middel van inisiatiewe en aktiwiteite wat die instelling se studente en personeel inlig oor MIV/vigs-verwante sake. Sodanige intervensies sal insluit die aanbieding van werkplekprogramme vir personeel, die verskaffing en bevordering van VBT vir studente en personeel, die verhoogde toeganklikheid van kondome en die behandeling van seksueel oordraagbare infeksies (SOI’s). (Sien die Implementeringsplan.)

MIV/vigs-verwante inligting, opvoeding en kommunikasiemateriaal sal deur die Kantoor vir Institusionele MIV-koördinering (KIMK) aan die US se studente en personeel beskikbaar gestel word.

Studente en personeel sal aangemoedig word om by MIV/vigs-verwante inisiatiewe en aktiwiteite betrokke te raak, sowel op kampus as in hul breër gemeenskappe.

Alle nuwe studente en personeel sal aangemoedig word om die e-leermodule vir studente of personeel te voltooi en die US sal inligting oor MIV/vigs-verwante aktiwiteite en skakels na plaaslike en internasionale organisasies op sy webtuiste op datum hou.

Belangrike internasionale en nasionale openbare vakansiedae en ander relevante gedenkdae sal gebruik word om MIV/vigs-bewustheid te verhoog en opvoeding te verskaf.

**7.7 Verpligtinge en verantwoordelikhede van US-studente en -personeel**

Lede van die US-gemeenskap is daarvoor verantwoordelik om hulself en ander van MIV-infeksie te beskerm. Hulle moet ook leer van alle aspekte van MIV/vigs-verwante voorkoming, sorg en ondersteuning asook hoe om die impak van MIV/vigs te verlig.

Studente en personeel wat met MIV/vigs leef is eties, moreel en wetlik verplig om sodanig op te tree dat geen bedreiging van infeksie van ander voorkom nie. Hulle word aangemoedig om mediese advies in te win om te verseker dat hulle in staat daartoe is om so gesond en produktief moontlik te leef.

Daar word van alle lede van die US-gemeenskap, met inbegrip van diegene met MIV/vigs, verwag om die pligte uit te voer wat aan hulle toegeken is. Tensy medies geregverdig, mag geen student sy/haar MIV- of vigs-status as ’n verskoning gebruik vir afwesigheid van geskeduleerde klasse, werkstukke, toetse en eksamens of nienakoming van studie-/kursusvereistes of enige ander akademiese aktiwiteite nie. Eweneens mag geen personeellid sy/haar MIV- of vigs-status as ’n verskoning gebruik om nie werk toe te kom of sy/haar pligte uit te voer nie, tensy medies geregverdig.

**7.8 Griefprosedures**

Enige MIV-positiewe student of personeellid sal toegang tot die bestaande griefprosedures hê in die geval van skending van enige van sy/haar MIV/vigs-verwante regte deur medestudente of kollegas.

Studente kan met die Sentrum vir Studentesake skakel insake enige navrae oor die griefprosedures. Personeel kan met die Welwees-koördineerder by Menslike Hulpbronne in verband met sodanige prosedures skakel.

Die US sal, in soverre dit redelik moontlik is, die vertroulikheid van die klagte tydens sodanige verrigtinge verseker. As deel van die voorwaardes wat met sodanige vertroulikheid verband hou, sal die verrigtinge privaat geskied.

**8. Voorspraakkommunikasie en -bemarking**

Aangesien beleidsontwikkeling en -implementering 'n dinamiese proses is, moet die US se MIV/vigs-beleid aan die volgende kriteria voldoen. Die beleid moet

- aan alle bestaande studente en personeel asook aan alle nuwe studente en personeel ná toelating tot die US gekommunikeer word;
- gereeld hersien word in die lig van nuwe epidemiologiese en wetenskaplike inligting;
- voortdurend gemonitor word ten einde die suksesvolle implementering daarvan te verseker; en
- gereeld geëvalueer word ten opsigte van die doeltreffendheid daarvan.

**9. Implementering, monitering en evaluering**

**9.1 Bestuur, bestuursrolle en verantwoordelikhede**

Die volgende bestuursliggame het die bestuursrolle en verantwoordelikhede ten opsigte van die MIV/vigs-beleid wat hier onder beskryf word.

- **Raad**

Die Raad is verantwoordelik vir die bestaan en monitering van die implementering van die MIV/vigs-beleid.

- **Institusionele bestuur**

Die institusionele bestuur is verantwoordelik vir die koördinering, implementering en verwesenliking van die MIV/vigs-beleid oor die US heen ten opsigte van prosesstelsels, prosedures, begroting en die nodige hulpbronne.

- **Lynbestuurders**

Die lynbestuurders is direk verantwoordelik om nakoming van die beleidsprosedures en -riglyne te verseker.

- **MIV- Institusionele Koördineringskomitee**

Die MIV- Institusionele Koördineringskomitee (MIKK) is verantwoordelik vir

– ondersteuning van die uitvoering van die strategiese en bedryfsplanne van die beleid;
– raadgewing aan MIV-programimplementeerders;
– die identifisering van probleemareas wat met die institusionele MIV-plan verband hou en toekomstige intervensie vereis;
– die monitering van MIV-programme en -dienslewering;
– die versekering van die strategiese en bedryfsintegrasie van die MIV-plan op institusionele vlak;
– die daarstelling van voorstanders om die program se rol te versterk; en
– die bevordering van interne en eksterne samewerking ten opsigte van MIV/vigs-verwante kwessies.

- **Die Kantoor vir Institusionele MIV-koördinering**

Die KIMK sal

– as die sekretariaat vir die uitvoering van die beleid optree en wisselwerking tussen personeel en die gemeenskap aan die Viserektor rapporteer;
– verantwoordelik wees vir die skryf van die jaarverslag wat alle inisiatiewe beskryf wat deur die US ten opsigte van MIV/vigs-verwante voorkoming, sorg en ondersteuning, navorsing en impakverligting onderneem is;
– verantwoordelik wees om leierskap ten opsigte van die ontwikkeling, implementering, monitering en evaluering van die MIV/vigs-beleid en -plan te verskaf;
– met die Sentrum vir Studentesake en die afdelings Menslike Hulpbronne en Kommunikasie en Skakeling saamwerk om te verseker dat alle huidige en toekomstige studente en personeel intydse toegang tot die beleid asook tot opleiding ten opsigte van MIV/vigs-verwante voorkoming, sorg, ondersteuning en impakverligting het; en
– beleid wat relevant is tot nasionale en internasionale ontwikkelings op die gebied van MIV/vigs evalueer en hersien.

**Bylaag 1**

**Definisies van afkortings, akronieme en belangrike konsepte**

| | |
|---|---|
| ANO | ANO is die afkorting vir die Afdeling Navorsingsontwikkeling. |
| Dwelmgebruikers wat inspuit | Hierdie term verwys na individue wat dwelms binneaars inspuit deur naalde of spuite te gebruik. Hulle staan ’n hoë risiko om MIV op te doen, en kan moontlik die bron van gelokaliseerde epidemies wees. Sodanige dwelmgebruik is ook ’n hoofrisikofaktor in sogenaamde tweedegolflande, soos Viëtnam of China, waar die oordrag van MIV baie vinnig versprei. |
| Epidemiologiese | Die term “epidemiologiese” verwys na dít wat verband hou met die wetenskaplike studie van siektepatrone, die oorsake van sodanige siektes, die verspreiding daarvan en die meganismes vir siektebeheer wat in ’n samelewing ingespan word. |
| GBG | GBG is die afkorting vir “geslagsgebaseerde geweld”. GBG is enige gewelddaad wat teen ’n individue gepleeg word weens sy/haar geslag. Geslagsidentiteit en biologiese geslag is nie altyd dieselfde nie. Die term word oor die algemeen gebruik om geweld teen vroue en meisies te beskryf, wat verkragting, seksuele aanranding, seksuele dwang en huislike of gemeenskapsgeweld insluit. Sodanige geweld is ’n groot openbaregesondheidsprobleem en is ’n belangrike risikofaktor in die oordrag van MIV. |
| HRP | HRP is die afkorting vir “hoërisiko-populasie”. Sodanige populasie kom voor in ’n omgewing wat gekenmerk word deur ’n konsentrasie van risikogedrag wat die oordrag van MIV in die hand werk en tot die meerderheid nuwe infeksies kan aanleiding gee. Riskante gedrag wat mense meer aan die gevaar van MIV-infeksie blootstel, sluit hoë koerse van die volgende praktyke in: onbeskermde seksuele verhoudings, onbeskermde anale seks met veelvuldige maats en die inspuit van dwelms met gedeelde |

| | |
|---|---|
| | toerusting en voorbereidingsmiddels. |
| KIMK | KIMK is die afkorting vir die “Kantoor vir Institusionele MIV-koördinering”. |
| MIKK | MIKK is die afkorting vir die “MIV- Institusionele Koördineringskomitee”. Die MIKK speel ’n raadgewende rol ten opsigte van die strategiese implementering van ’n omvattende MIV/vigs-plan by die US. Hierbenewens dien die MIKK as die US se belangegroepsforum vir raadpleging oor kwessies wat met MIV/vigs-verwante voorkoming van oordrag, opvoeding en dienslewering aan studente en personeel verband hou. Die MIKK tree ook as die institusionele kontakpunt vir die hoëronderwys-MIV/vigs-program (HEAIDS) op. Die MIKK bied dus strategiese en bedryfsleiding aan die rolspelers wat verantwoordelik is vir die implementering van ’n omvattende institusionele MIV/vigs-plan en vervul ’n leierskapsrol in die versekering van ’n gedeelde verantwoordelikheid vir die suksesvolle implementering van die plan. |
| MIV | MIV is die afkorting vir die “menslike immuniteitsgebreksvirus”. MIV is ’n virus wat die menseliggaam se natuurlike immuunstelsel aanval, en dit moontlik uiteindelik heeltemal kan vernietig. |
| MIV-positief | Iemand wat MIV-positeif is, het positief getoets vir die teenwoordigheid van MIV in sy/haar liggaam. |
| MIV-toetsing | MIV-toetsing is ’n mediese toets wat ondergaan word om iemand se MIV-status te bepaal. |
| MSM | MSM is die afkorting vir “mans wat seks met mans het”. Anale seksuele omgang is een manier waarop MIV oorgedra kan word. |

| | |
|---|---|
| Omvattende institusionele MIV/vigs-respons | Hoëronderwys-instellings se respons op MIV/vigs is verskans in hul mandaat om gevorderde onderrig te onderneem en hul graduandi voor te berei om verantwoordelike rolle in die beroepswêreld in te neem. Sodanige respons ondersteun die uitvoer van navorsing, die deel van kennis en die verskaffing van intellektuele leierskap. Kampusgemeenskappe verskaf deur middel van hul respons versorgende en verligte omgewings vir sowel studente as personeel. |
| Oorwoë toestemming | Sodanige toestemming beteken dat 'n individu van al die relevante MIV/vigs-verwante inligting voorsien is en dit verstaan, en op grond daarvan instem om die MIV-toets te ondergaan. Hierdie toestemming impliseer dat die individu verstaan wat die toets is en hoekom dit nodig is, en ook wat die voordele, risiko's en moontlike sosiale implikasies van asook die alternatiewe vir die uitkoms is. |
| Persoon deur MIV/vigs geraak | 'n Persoon wat op enige manier deur MIV/vigs geraak is, byvoorbeeld omdat hy/sy 'n lewensmaat of familielid het wat MIV-positief is. |

| | |
|---|---|
| PNB | PNB is die afkorting vir "profilakse ná blootstelling", wat 'n korttermyn- antiretroviale behandeling is wat daarop gemik is om die waarskynlikheid van MIV-infeksie ná moontlike blootstelling, hetsy weens die aard van die persoon se werk of deur seksuele omgang, te verminder. |
| Billike tegemoetkoming | Billike tegemoetkoming beteken enige wysiging of aanpassing van 'n werk of die werkplek wat uitvoerbaar en finansieel grondig is en wat die werknemer wat met MIV of vigs leef in staat sal stel om toegang tot werk te hê, 'n werk te beklee of in poste bevorder te word. |
| SOI | SOI is die afkorting vir "seksueel oordraagbare infeksie". Voorbeelde van hierdie soort infeksies, wat tydens seksuele omgang van een persoon na 'n ander oorgedra word, sluit sifilis, gonorree en MIV in. |
| Student | Met "student" bedoel die US enige persoon<br><br>wat as student aan die US geregistreer is;*<br><br>wat voor registrasie as student aan die US, maar met die bedoeling om te registreer, reeds sy/haar plek in Universiteitshuisvesting ingeneem het of aan enige aktiwiteite deelneem wat met die verwelkoming en inskakeling van nuwelingstudente verband hou;<br><br>wat voor registrasie as US-student, maar met die bedoeling om te registreer, reeds met enige akademiese aktiwiteite begin het of daaraan deelneem;<br><br>wat voorheen as student aan die US geregistreer was, na enige kampus van die US terugkeer, en voornemens is om daardie jaar weer as student te registreer;<br><br>wat ná registrasie aan die US die Universiteit op óf weg van die kampus in akademiese, sport-, kultuur- of ander amptelike aktiwiteite verteenwoordig; of<br><br>wat reeds aan die US afgestudeer het, maar wat hom/haar voor die verkryging van sy/haar graad reeds aan wangedrag skuldig gemaak |

| | |
|---|---|
| | het.<br><br>* US-studente wat binne die konteks van 'n vennootskapsooreenkoms studeer (byvoorbeeld die Militêre Akademie in Saldanha, die Kaapse Instituut vir Landbou-opleiding: Elsenburg, of die Hugenote Kollege in Wellington) is onderworpe aan die US se dissiplinêre kode vir studente, tensy alternatiewe reëlings ten opsigte van daardie studente in die amptelike ooreenkoms tussen die US en die betrokke vennootinstansie bepaal word.<br><br>Wanneer 'n student die aansoekvorm van die Universiteit onderteken, onderneem hy/sy om hom/haar van alle reëls, reglemente, beleid of voorskrifte van die US te vergewis, en kan onkunde oor enige sodanige bepaling nie as verweer teen 'n aanklag van die oortreding van so 'n bepaling voorgehou word nie. |
| Universele voorsorgmaatreëls | Universele voorsorgmaatreëls is 'n stel voorsorgmaatreëls wat ontwerp is om die oordrag van MIV, die hepatitis B-virus (HBV) en ander patogene wat deur bloed versprei word wanneer noodhulp of gesondheidsorg verskaf word, te voorkom. Ooreenkomstig hierdie voorsorgmaatreëls word bloed en ander liggaamsvloeistowwe van alle pasiënte geag potensieel aansteeklik vir sulke patogene te wees. |
| VBT | VBT is die afkorting vir "vrywillige berading en toetsing".<br>Baie dokters en gemeenskapsgebaseerde gesondheidsorgwerkers sif mense op hierdie manier vir MIV. Hulle praat met mense oor die risikogedrag wat hulle dalk beoefen, assesseer individuele risikovlakke, bespreek maniere waarop hulle hulself en ander van MIV-oordag kan beskerm en bied verwante toetsing en berading. (Sien ook die verklaring vir "voor- en nátoetsberading" hier onder.) |
| Vigs | Vigs is die akroniem vir "verworwe immuniteitsgebreksindroom".<br>Vigs is die kliniese definisie wat gegee word vir die begin van sekere lewensgevaarlike infeksies in mense wie se immuunstelsels nie meer behoorlik funksioneer nie omdat hulle |

| | |
|---|---|
| | met MIV geïnfekteer is. |
| Voor- en nátoetsberading | Sodanige berading bevorder begrip van die aard en doel van die MIV-toets. Gedurende sodanige berading word sowel die voordele as die nadele van kennis van die uitslag aan die persoon wat die toets wil ondergaan, verduidelik. Op hierdie manier word hy/sy bewus van die invloed wat kennis van sy/haar MIV-status waarskynlik op hom/haar sal hê. Hierdie invloed sluit in die uitwerking van die uitslag op die individu en sy/haar seksmaats en familie. Die berading kan verwysing vir behandeling insluit, indien nodig. |

**Bylaag 2**

**Aktiwiteitsprogram gemik op die bereiking van institusionele MIV/vigs-beleidsdoelstellings**

**Die volgende raamwerk gee die besonderhede van die doelstellings, verwagte resultate, aanwysers, aktiwiteite en hulpbronne wat nodig is om die beleidsdoelstellings te bereik.**

**6.1 Leierskap**

| | **Intervensie-logika** | **Bewysbare aanwysers van prestasie** | **Verantwoordelike struktuur/komitee/ eenheid** | **Beskikbare hulpbronne/ begroting** |
|---|---|---|---|---|
| **Algehele doelstelling** | **Om sterk, toegewyde interne leierskap te bied om die institusionele respons op MIV/vigs te bestuur** | | | |
| **Spesifieke doelstellings** | Om die geskikte vlak van strategiese interne leierskap te verseker om die omvattende institusionele respons op MIV/vigs deur die MIKK en die KIMK te bestuur en te rig | Goedkeuring van die MIV/vigs-beleid, met inbegrip van ’n strategiese plan wat met HEAIDS se beleidsraamwerk vir hoër onderwys belyn is<br><br>Ontwerp van ’n organogram wat die besonderhede uiteensit van die strukture en verantwoordelikhede ten opsigte van gevestigde leierskap, bestuur en koördinering | | |
| **Verwagte resultate** | Geïnstitusionaliseerde struktuur/strukture om die implementering van die omvattende institusionele respons te lei, te bestuur, te koördineer en te monitor<br><br>Verbeterde en geformaliseerde interne samewerkingstrukture om die institusionele MIV/vigs-plan te bestuur<br><br>Visuele handelsmerkgewing van die institusionele MIV/vigs-verwante respons om die toewyding en betrokkenheid van die | Toekenning van ’n mandaat aan die KIMK om die institusionele MIV/vigs-verwante strategie te koördineer/bestuur<br><br>Goedkeuring van MIKK se opdragdokument<br><br>Afneem van notules by gesamentlike MIV/vigs-verwante vergaderings<br><br>Voortgesette mediadekking van institusionele MIV/vigs-verwante respons en leierskap | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | huidige leierskorps te kommunikeer | | | |
| **Aktiwiteite** | Omskrywing en institusionalisering van die verslagdoenings- en bestuursverantwoordelikhede van die MIKK en die KIMK<br><br>Toekenning van genoegsame befondsing vir die koördinering van die institusionele MIV/vigs-verwante respons<br><br>Verteenwoordigende deelname aan die MIKK en koördinerende forums om die aktiewe betrokkenheid van studente- en personeelleiers aan te moedig<br><br>Die hou van tweemaandelikse gesamentlike vergaderings om optimale koördinasie van MIV/vigs-verwante dienste tussen Kampusgesondheid, die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) en die Welweesprogram te verseker<br><br>Implementering van die institusionele MIV/vigs-verwante media- en bemarkingsplan<br><br>Openbare herdenking van geskeduleerde MIV/vigs-dae, met sterk leierskapsverteenwoordiging | Saamstel van die organogram met besonderhede van die vereiste strukture en verantwoordelikhede vir leierskap, bestuur en koördinering<br><br>Voorlegging van jaarverslag/jaarverslae oor beleidsimplementering aan die institusionele bestuur<br><br>Goedkeuring van MIKK se opdragdokument<br><br>Goedkeuring van institusionele MIV/vigs-beleidsplanne, met inbegrip van begrotingstoekenning<br><br>Verhoging van samewerking en kommunikasie tussen Kampusgesondheid, SSVO, die Welweesprogram en die KIMK<br><br>Optekening van die MIV/vigs-verwante mediaplan<br><br>Bestuursverteenwoordiging by Wêreldvigsdag en *Grow Up and Get Tested*-geleenthede | | |

| | **Intervensie-logika** | **Bewysbare aanwysers van prestasie** | **Verantwoordelike struktuur/komitee/ eenheid** | **Beskikbare hulpbronne/ begroting** |
|---|---|---|---|---|
| **Algehele doelstelling** | **Om sterk, toegewyde eksterne leierskap te bied om tot die nasionale en internasionale MIV/vigs-respons by te dra** | | | |
| **Spesifieke** | Om strategiese eksterne leierskap te verseker | Monitering van deelname aan nasionale en | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **doelstellings** | deur deel te neem aan en te deel in nasionale en internasionale MIV/vigs-verwante inisiatiewe | internasionale forums deur die voorlegging van verslae aan die KIMK | | |
| **Verwagte resultate** | Verteenwoordiging deur US-kundiges op nasionale en internasionale MIV/vigs-verwante forums<br><br>Meer vennootskappe met internasionale en nasionale rolspelers | Voortgesette verteenwoordiging van die US op nasionale en internasionale MIV/vigs-verwante forums<br><br>Skryf van korrespondensie en hou van vergaderings om nuwe vennootskappe te ondersoek | | |
| **Aktiwiteite** | Bekendmaking van institusionele MIV/vigs-verwante handelsnaam-identiteit op nasionale en internasionale forums<br><br>Aktiewe deelname op forums, soos dié van Africomnet, HEAIDS en ACTIW<br><br>Identifisering van nuwe geleenthede om nasionale en internasionale vennootskappe op die been te bring<br><br>Bemagtiging van die KIMK om die US op nasionale en internasionale forums te verteenwoordig | Aanmoediging van US-verteenwoordigers om institusionele MIV/vigs-verwante handelsnaam-identiteit op internasionale forums te gebruik<br><br>Voortgesette verteenwoordiging van die US by forumvergaderings<br><br>Skryf van korrespondensie en hou van vergaderings om nuwe vennootskappe te ondersoek<br><br>Toekenning van genoegsame befondsing om konferensies en forums by te woon | | |

### 6.2 Kurrikulum-integrasie en -opleiding

| | Intervensie-logika | Bewysbare aanwysers van prestasie | Verantwoordelike struktuur/komitee/ eenheid | Beskikbare hulpbronne/ begroting |
|---|---|---|---|---|
| **Algehele doelstelling** | **Bemagtig die studentekorps met die toepaslike persoonlike en professionele vaardighede om die impak van MIV/vigs op hul huidige en toekomstige gemeenskappe te versag** | | | |
| **Spesifieke doelstellings** | Om by te dra tot die vestiging van ’n omvattende leerbenadering ten opsigte van gedragsverandering en MIV/vigs-verwante kennisvaardighede deur kurrikulum-integrasie<br><br>Om die reikwydte van MIV/vigs-verwante kennis uit te brei deur middel van onderrig-/opleidingsinisiatiewe in samewerking met nasionale en Afrika-universiteite | Integrasie van kurrikulum-strategie in institusionele MIV/vigs-beleid<br><br>Vermeerdering van nasionale in internasionale samewerkingsinisiatiewe ten opsigte van MIV/vigs-verwante onderrig en opleiding<br><br>Formalisering van MIV/vigs-verwante kurrikulum-ontwikkelingsportefeulje by die KIMK | | |
| **Verwagte resultate** | Koppeling van MIV/vigs-verwante kennis aan persoonlike risiko’s as deel van ’n omvattende leerbenadering<br><br>Aandag aan MIV/vigs-verwante vaardighede en toepaslikheid op toekomstige loopbane en studiegebiede deur geteikende kurrikulêre aktiwiteite<br><br>Bemagtiging van akademiese personeel om MIV/vigs-verwante studies in kurrikula te integreer<br><br>Deelname deur nasionale en internasionale deelnemers aan gespesialiseerde MIV/vigs- | Hantering van persoonlike risiko’s in verskeie opleidingsinisiatiewe<br><br>Skepping van ’n databasis vir akademici wat gereeld bygewerk kan word ten einde MIV/vigs-verwante vaardighede wat in kurrikula aan bod kom, te identifiseer<br><br>Samestelling van terugvoerverslae deur deelnemers waarin voordele van toegespitste MIV/vigs-verwante kursusse aangetoon word | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | verwante kortkursusse by die US | | | |
| **Aktiwiteite** | Ontwikkeling van MIV/vigs-verwante kurrikulumintegrasieplan, met inbegrip van medekurrikulêre aktiwiteite<br><br>Benutting en uitbreiding van e-leer om MIV-basislynkennis te verbeter<br><br>Ontwikkeling en instandhouding van databasis oor kurrikulum-integrasie in fakulteite en kommunikasie van databevindings aan fakulteite<br><br>Geleidelike vermeerdering en instandhouding van kurrikulum-integrasie oor die instelling heen<br><br>Ondersoek van MIV/vigs-verwante kapasiteitsbou-inisiatiewe ten opsigte van kurrikulum-ontwikkeling<br><br>Aanbieding en ontwikkeling van gespesialiseerde kursusse oor MIV/vigs in samewerking met Afrika- en Suid-Afrikaanse vennote | Voorlegging van kurrikulum-beplanningsdokument aan die KIMK<br><br>Toename in gebruik van e-leerkursus<br><br>Instandhouding van toeganklike MIV/vigs-verwante kurrikulum-databasis<br><br>Verslagdoening van verhoogde kurrikulum-integrasie<br><br>Ontvangs van positiewe terugvoer van personeel wat kapasiteitsbou-inisiatiewe bygewoon het<br><br>Verhoogde bywoning van gesamentlike MIV/vigs-verwante opleiding deur Afrika- en Suid-Afrikaanse vennote | | |

### 6.3 MIV/vigs-verwante navorsing

| | Intervensie-logika | Bewysbare aanwysers van prestasie | Verantwoordelike struktuur/komitee/ eenheid | Beskikbare hulpbronne/ begroting |
|---|---|---|---|---|
| **Algehele doelstelling** | **Maak 'n positiewe bydrae tot die uitvoer en verspreiding van gehaltenavorsing oor MIV/vigs** | | | |
| **Spesifieke doelstellings** | Om tot 'n institusionele omgewing by te dra waarin navorsers die kwantiteit, kwaliteit en relevansie van MIV/vigs-verwante navorsing deur middel van eksterne en interne samewerking, netwerkvorming en vennootskappe verhoog | Gebruik van die US se MIV/vigs-verwante navorsingsbevindings om nasionale MIV/vigs-gerigte respons te beplan | | |
| **Verwagte resultate** | Vestiging van MIV/vigs-verwante navorsing as 'n kernprioriteitsgebied by die US<br><br>Toenemende samewerking tussen navorsingsforums en die MIV/vigs-verwante navorsingsdatabasis<br><br>Verhoogde kommunikasie om relevante en praktykgebaseerde MIV/vigs-verwante navorsing aan te moedig<br><br>Bemagtiging van jong/opkomende navorsers om aktief aan MIV/vigs-verwante navorsing deel te neem | Formele vooropstelling van MIV/vigs-verwante studies wat formeel as kernnavorsingsprioriteit deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) verklaar is<br><br>Toekenning van toegang tot MIV/vigs-gerigte navorsingsdatabasis vir alle US-personeel<br><br>Verskaffing van voorbeelde van ANO se kommunikasie aan alle navorsers<br><br>Vestiging van 'n netwerkvormingsforum vir akademici en navorsers<br><br>Aanbieding van jaarvergaderings<br><br>Bied van kapasiteitsbougeleenthede vir jong en opkomende navorsers<br><br>Bied van geleenthede vir terugvoer deur deelnemers | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Aktiwiteite** | Ondersteuning en bevordering van die gebruik van 'n sentrale navorsingsdatabasis<br><br>Monitering en bevordering van deelname aan MIV/vigs-verwante navorsing op nasionale en internasionale forums<br><br>Skep van kommunikasiegeleenthede tussen navorsers en eksterne rolspelers (soos die regering, skenkers en nieregeringsorganisasies)<br><br>Bied van geleenthede vir nagraadse studente om as toekomstige MIV/vigs-navorsers te ontwikkel | Saamstel van jaarlikse databasis-oorsigverslag deur ANO<br><br>Terugvoer van US-deelnemers by konferensies of forums<br><br>Aanbied van vergaderings om kommunikasie tussen navorsers en eksterne rolspelers te bevorder<br><br>Beplanning/lys van geleenthede wat vir nagraadse studente of opkomende navorsers deur ANO beskikbaar is | | |

**6.4 Etiek en menseregte**

| | **Intervensie-logika** | **Bewysbare aanwysers van prestasie** | **Verantwoordelike struktuur/komitee/ eenheid** | **Beskikbare hulpbronne/ begroting** |
|---|---|---|---|---|
| **Algehele doelstelling** | **Help om menseregte te beskerm en verseker mensegeregtigheid vir almal wat by die US gebaseer is deur die formulering en implementering van MIV/vigs-verwante beleid en praktyke** | | | |
| **Spesifieke doelstellings** | Om niediskriminerende praktyke ten opsigte van MIV/vigs by die US te vestig en af te dwing | Implementering van beleid wat die regte van studente en personeel beskerm | | |
| **Verwagte resultate** | Hantering van MIV/vigs-verwante kwessies deur US-beleid<br><br>Bekendmaking en implementering van niediskriminerende beleid | Optekening en beskikbaarstelling van klagtes, griewe en terugvoer oor US-beleid deur die KIMK<br><br>Bewusmaking van personeellede van | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Dekking van menseregte-aspekte in basiese MIV/vigs-verwante opleiding wat by die US aangebied word | MIV/vigs-beleid en niediskriminerede klousules<br><br>Insluiting van materiaal oor niediskriminasie in opleidingsprogramme | | |
| **Aktiwiteite** | Goedkeuring van hersiene MIV/vigs-beleid<br><br>Ontwikkeling van kommunikasiestrategie om MIV/vigs-beleid bekend te stel<br><br>Bemarking van MIV/vigs-beleid se beskikbaarheid op die US-webtuiste<br>Bemarking van e-leerkursus oor MIV/vigs vir personeel<br><br>Bemagtiging van die afdeling Menslike Hulpbronne en die Sentrum vir Studentesake om griewe wat met die MIV/vigs-beleid verband hou, doeltreffend te kan hanteer | Verskaffing van amptelike goedkeuringsdokumente<br><br>Dekking in media en bemarkingsvrystellings<br><br>Skep van sigbare skakels na MIV/vigs-beleid<br><br>Aanbied van kapasiteitsbouwerkswinkels vir spanne van die afdeling Menslike Hulpbronne en die Sentrum vir Studentesake | | |

**6.5 Voorkoming en welwees**

| | **Intervensie-logika** | **Bewysbare aanwysers van prestasie** | **Verantwoordelike struktuur/komitee/ eenheid** | **Beskikbare hulpbronne/ begroting** |
|---|---|---|---|---|
| **Algehele doelstelling** | **Dra by tot holistiese MIV-voorkoming deur die vlakke van stigma wat met MIV/vigs verband hou asook die koers van MIV-oordrag te verlaag** | | | |
| **Spesifieke doelstellings** | Om verantwoordelike seksuele gedrag onder studente en personeel aan te moedig<br><br>Om toegang tot ’n omvattende diensleweringstelsel vir MIV/vigs-verwante voorkoming van oordrag, sorg en | Implementering van dienslewering en verwysingsorganogram vir studente en personeel<br><br>Duidelike kommunikasie van gedeelte visie in mediaberigte, opleidingsmateriaal en ander | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | ondersteuning te bied<br><br>Om aanvaarding van gedeelde en persoonlike verantwoordelikheid vir die voorkoming en bestuur van MIV/vigs onder studente en personeel aan te moedig | gedrukte mededelings | | |
| **Verwagte resultate** | Verhoogde deelname aan MIV/vigs-verwante dienste vir voorkoming van oordrag, opvoeding en behandeling<br><br>Verbeterde dienste vir mense wat met MIV/vigs leef<br><br>Uitbreiding en onderhouding van aktiwiteite ter ondersteuning van voorkoming van MIV-oordrag deur middel van gemeenskapsinteraksie<br><br>Vermindering van stigma wat geassosieer word met dienste wat met voortplantingsgesondheid en seksualiteit verband hou | Verskaffing van data oor studente- en personeeldeelname aan werkplekprogram<br><br>Saamstel van verslae oor voorkomingsprojek<br><br>Verskaffing van terugvoerdokumentasie of geleenthede vir bespreking deur diensverskaffers (bv. Kampusgesondheid, die SSVO en die KIMK)<br><br>Saamstel van terugvoerverslae oor gemeenskapsinteraksie<br><br>Saamstel van maandelikse statistiek wat studente en personeel se gebruik van dienste ten opsigte van seksuele gesondheid aantoon | | |
| **Aktiwiteite** | Verskaffing van omvattende steundienste aan studente en personeel deur middel van 'n kombinasie van interne en verwysingstelsels<br><br>Ontwikkeling van 'n doeltreffende MIV/vigs- en welwees-werkplekprogram vir US-personeel<br><br>Bemarking van die diensleweringstelsel<br><br>Opleiding en ondersteuning van portuuropvoeders en mentors om studente op te voed oor sake ten opsigte van seksuele gesondheid en om hulle te verwys | Verskaffing van internetgebaseerde en mediamededelings aan studente en personeel oor steundienste en verwysingstelsels<br><br>Aantekening van MIV/vigs-verwante werkplekprogram en verslae<br><br>Verskaffing van internetgebaseerde skakels na en bemarking van verwysingstelsels<br><br>Saamstel van verslae oor portuuropvoeding | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Opleiding en ondersteuning van welweesmentors om personeel op te voed oor sake ten opsigte van seksuele gesondheid en om hulle te verwys<br><br>Teiken van kommunikasieveldtogte oor voorkoming van MIV-oordrag, bv. MIV-toetsing, massamedia, koshuisgebaseerde projekte<br><br>Instandhouding van volhoubare kondoomverspreidingstelsels<br><br>Samewerking met gemeenskapsgebaseerde organisasies om inisiatiewe ten opsigte van voorkoming van MIV-oordrag te implementeer | Saamstel van verslae oor personeelopleiding<br><br>Verskaffing van materiaal oor voorkoming van MIV-oordrag in die vorm van gedrukte media- en webgebaseerde mededelings en veldtogverslae<br><br>Saamvoeg van data wat van Kampusgesondheid verkry is wat bereiking van verspreiding per maand aantoon<br><br>Saamstel van verslae oor gemeenskapsgebaseerde projekte | | |

## Bylaag 3

**INFEKSIEKONTROLEPROTOKOL TEN OPSIGTE VAN WERK- EN AKADEMIE-VERWANTE BLOOTSTELLING AAN BLOEDOORDRAAGBARE SIEKTES**

**UNIVERSITEIT STELLENBOSCH PROTOKOL: Stellenbosch-kampus**

Hoewel die risiko van MIV-infeksie ná werkverwante blootstelling baie laag is (0.3%), behoort alles moontlik gedoen te word om studente en personeel teen moontlike infeksie te beskerm. Die risiko vir MIV-infeksie is hoër wanneer die blootstelling groot hoeveelhede bloed insluit of indien die bron-individu MIV-positief is en 'n hoë viruslading het.

Die volgende liggaamsvloeistowwe kan potensieel die virus bevat en is ter sprake in die toepassing van hierdie protokol:

- Bloed
- Semen
- Vaginale afskeidings
- Enige liggaamsvloeistowwe waarin sigbare bloed of enige van bogenoemde vloeistowwe voorkom

Alle omgewingshoofde in die Universiteit moet toesien dat personeel ten volle ingelig is oor infeksierisiko's en voorsorgmaatreëls. Hierdie maatreëls sluit die volgende in:
1) Die beskikbaarstelling en gebruik van beskermende toerusting (soos handskoene) wanneer met liggaamsvloeistowwe gewerk word
2) Die bedekking van sere, snye en wonde
3) Die ontsmetting van toerusting wat met liggaamsvloeistowwe in kontak was

Indien enige student of personeellid blootgestel word aan bogenoemde liggaamsvloeistowwe deur middel van 'n naald of skerp voorwerp

**of**

indien geïnfekteerde bloed of liggaamsvloeistowwe in kontak was met die mond, oog, oop wonde en snye, behoort die volgende voorkomende maatreëls toegepas te word:

1. Verwyder onmiddellik bloed- en liggaamsvloeistofspatsels van die vel, oog en mond met water of verkieslik 'n antimikrobiese middel.
2. In die geval van penetrerende beserings, laat die wond toe om vrylik te bloei en was die area deeglik met 'n antimikrobiese middel of seep en water indien 'n 'n antimokrobiese middel nie beskikbaar is nie.
3. **Studente:** Meld alle insidente by die dokter aan diens by Kampusgesondheidsdienste (tel.nr. 808 3496) aan.
4. **Personeel:** Meld alle insidente by me E September (tel.nr. 808 4552) en die dokter aan diens by Kampusgesondheidsdienste (tel.nr. 808 3694) aan. Personeel mag ook gebruik maak van 'n privaat dokter van hul keuse.
5. Die volgende omstandighede van toepassing op die blootstelling moet gedokumenteer word: die aard van die aktiwiteit waarby die student of personeellid betrokke was ten tye van die blootstelling, 'n gedetailleerde beskrywing van die beseerde area, die mate waartoe toepaslike

werkpraktyke en beskermende toerusting gebruik is en ’n beskrywing van die bron van blootstelling.

6. Ná blootstelling moet ’n bloedmonster van die blootgestelde geneem word. ’n Bloedmonster van die bronpasiënt kan slegs geneem en getoets word indien die omstandighede so ’n versoek toelaat. *Daar word tans wetlik vereis dat die bronindividu sy of haar ingeligte toestemming vir die MIV-toets moet verleen.* ’n Evaluasie van die noodsaaklikheid van medikasie behoort op grond van die risiko (met inagneming van die vensterperiode) deur die mediese praktisyn gedoen te word.

7. Sowel die blootgestelde as die bronindividu behoort volledige voor- en nátoetsberading tesame met die toetsing te ontvang en die persoon wat blootgestel is behoort deeglik ingelig te word van die moontlike newe-effekte en werking van die medikasie. Die volgende persone kan geskakel word om hierdie berading te doen:

   KIMK: Tel.nr 808 3136

   **Studente:** Sielkundige aan diens by die SSVO: Tel.nr. 808 4994; of die 24-huur-krisisdiens: Tel.nr. 082 557 0880

   **Personeel:** Maureen Kennedy (Welweeskoördineerder, Menslike Hulpbronne) Tel.nr. 021 8084824

8. Indien die aard van die blootstelling geëvalueer is en die risiko vir oordrag bestaan, behoort die volgende noodmedikasie onmiddellik beskikbaar gestel te word (verkieslik binne die eerste twee uur ná blootstelling en ná ’n maksimum toegelate periode van 72 uur).

9. Die volgende medikasie is aangedui vir noodbehandeling:

   Combivir 1t bd (elke tablet bevat 150 mg lamivudine en 300 mg zidovudine). Bykomende indinavir (crixivan) 800 mg elke 12 uur is slegs aangedui wanneer die bron moontlik ’n weerstandige virus onder lede het of wanneer die aard van die blootstelling ’n besonder hoë risiko inhou.

10. Ongeag of die bronindividu sero-negatief toets of nie, moet die opsie aan die personeellid gestel word om op 6 weke, 12 weke en 6 maande te toets om die moontlikheid van die vensterperiode by die bronindividu uit die weg te ruim.

11. Indien noodmedikasie gegee is, behoort die opvolgtoetsdatums en monitering van moontlike newe-effekte met die dokter in beheer bespreek te word.

    Die nodigheid van toetse vir blootstelling aan ander oordraagbare siektes behoort deur die mediese praktisyn geëvalueer te word.

12. Gedurende al die fases van toetsing, berading en behandeling behoort **die vertroulikheid** van inligting oor die insident, die blootgestelde en die bronindividu te alle tye beskerm te word.

***Die Universiteit Stellenbosch se Kampusgesondheidsdienste sal die aanvanklike noodbehandeling (drie dae se antiretrovirale behandeling), berading en toetsing gratis aan studente en personeel verskaf. Indien meer uitgebreide toetsing of ’n langer behandelingsregime aangedui is, sal die individu self die koste moet dra.***

## Bylaag 4

**RIGLYNE VIR DIE HANTERING VAN VERKRAGTING EN SEKSUELE AANRANDING VIR STUDENTE EN PERSONEEL AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**

1. In die geval van erge fisiese beserings moet die persoon so gou moontlik by ’n hospitaal of mediese fasiliteit uitkom.
2. Die persoon word versoek om nie te bad, te stort, te was of skoon klere aan te trek nie. Bewaar ook enige kledingstukke/voorwerpe wat as moontlike bewysstukke kan dien.
3. **Studente:** Skakel die 24-uur-krisisdiens om te versoek dat die berader aan diens help met die aanmelding en verdere ondersteuning bied.

| |
|---|
| **KRISISDIENS** (slegs ingeskrewe studente ) |
| Die noodnommer is: 082 557 0880 (alle kampusse) |

4. **Personeel:** Skakel die naaste polisiestasie om die verkragting aan te meld.

| |
|---|
| **STELLENBOSCH POLISIE, Tel.nr. 809 5000** |
| ’n Slagoffervrywilliger is 24 uur aan diens by hierdie nommer en is opgelei om die persoon by te staan. Vir individue 18 jaar en ouer is dit sy/haar eie besluit of hul ’n aanklag wil lê of nie. |

Rape Crisis kan ook direk geskakel word by 083 484 9409.

5. Indien daar besluit word om ’n aanklag te lê, moet ’n verklaring by die polisie afgelê word. Die polisie sal die persoon na die distriksgeneesheer of waarnemende dokter neem vir ’n mediese ondersoek.
6. Indien daar besluit word om nie ’n aanklag te lê nie, kan enige mediese diens gekonsulteer word om behandeling teen mediesefonds-tariewe te bied.
7. Dit is belangrik dat die ondersoek so gou moontlik gedoen word, aangesien sekere behandelings ná 72 uur nie meer effektief is nie. Behandeling teen MIV is optimaal indien dit so gou moontlik ná die insident toegedien word. Behandeling behoort noodkontrasepsie, voorkomende antiretrovirale middels en antibiotika in te sluit.
8. Die doel van die verklaring en mediese ondersoek is om getuienis vir die hof in te samel indien die oortreder aangekeer word.
9. Dit is belangrik dat die persoon verdere mediese hulp ná die verkragting kry (wat verdere toetsing vir MIV ná 42 dae en moontlike behandeling insluit). Opvolg-MIV-toetse kan gratis by Kampusgesondheid gedoen word (Tel.nr. 808 3496).
10. Dit is verder belangrik dat die persoon sielkundige berading ontvang. Die volgende organisasies kan geskakel word vir hulp en verdere ondersteuning.
    **KIMK:** Tel.nr. 808 3136

    **Ingeskrewe studente:** SSVO: Tel.nr. 808 4994 of Krisisdiens: Tel.nr. 082 557 0880

    **Personeel:** Maureen Kennedy (Menslike Hulpbronne Welweesprogram): Tel.nr. 808 4824

    Rape Crisis: Tel.nr. 083 484 9409

    Life Line: Tel.nr. 0800 05 55 55 / 021 461 1111